higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N5

27 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 B
1.1.2 B
1.1.3 C
1.1.4 B
1.1.5 C
1.1.6 B
1.1.7 C
1.1.8 C
1.1.9 C
1.1.10 D

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1
- Om in die algemene belange van al die partye op te tree
- Om winste volgens die bydraes te verdeel (2)

1.2.2
- Elke vennoot moet 'n bydrae tot die onderneming maak.
- Winsneming moet die hoofmotief van die onderneming wees.
- Die vennootskap moet op só 'n manier funksioneer dat alle partye 'n gemeenskaplike belang in die ooreenkoms het. (3 × 2) (6)

1.2.3
- Wanneer daar wedersydse ooreenstemming onder alle vennote is
- Wanneer die beëindigingsdatum van die vennootskap aangebreek het
- Wanneer veranderinge aan die lidmaatskap plaasvind
- Wanneer 'n vennoot in sy/haar persoonlike kapasiteit insolvent verklaar word, word die vennootskap ontbind (4)

1.2.4
- Dit is maklik en bekostigbaar om 'n vennootskap te stig.
- Vennote word individueel volgens hul onderskeie aandele belas.
- Bestuur en beheer word nie deur wetgewing gereguleer nie.
- Dit bied voordeel aan meer as een persoon.
- Vennote het gewoonlik 'n persoonlike belang in die sukses van die vennootskap.
- 'n Vennootskap kan redelik maklik ontbind word. (Enige 5 × 1) (5)

1.3 1.3.1
- Akte van oprigting
- Akte van inkorporasie (2)

1.3.2
- Maatskappye met aandeelkapitaal
- Maatskappye wat deur waarborge beperk word (2)

1.3.3
- Oordragte is eenvoudig
- Kontinuïteit is eenvoudig
- Beperkte aanspreeklikheid
- Boedelbelastingvoordele
- Moontlike toename in doeltreffendheid (5)

Kopiereg voorbehou

1.3.4
- 'n Enkele vaste koers word vir die belasting van maatskappye toegepas.
- Privaat maatskappye word volgens 'n vaste koers belas, ongeag die inkomstevlakke van die maatskappy.
- Privaat individue betaal egter belasting volgens 'n glyskaal – hoe hoër die inkomste, hoe hoër die belastingkoers.
- Maatskappye is nie geregtig op korting op inkomste nie.
- Die aandeelhouers betaal ook belasting op die dividende wat deur die maatskappy uitgekeer word. (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 Waar
2.1.2 Waar
2.1.3 Onwaar
2.1.4 Waar
2.1.5 Waar

(5 × 1) (5)

2.2 Ontwikkeling van natuurlike hulpbronne✓
- Die entrepreneur is verantwoordelik vir ekonomiese innovasie. Dit is 'n proses waarin natuurlike hulpbronne gebruik word om verbruikersgoedere en ander grondstowwe te vervaardig.✓✓

Skep van werksgeleenthede ✓
- Die boer benodig arbeid en ander produksie-insette om verbruikersgoedere en grondstowwe te vervaardig.✓✓

Produksieleierskap✓
- Landbou-entrepreneurs neem gewoonlik die voortou in die landbousektor wanneer nuwe tegnologie geïmplementeer word.✓✓

Entrepreneurskap as 'n komponent van die vryemarkstelsel.✓
- Die vrye mark kan slegs werksaam wees as daar 'n vraag na en 'n betroubare aanbod van produkte en dienste in die mark is.✓✓ (4 × 3) (12)

2.3 Kombineer produksiefaktore✓
- Enige onderneming is 'n kreatiewe aktiwiteit waar verskillende produksiefaktore toegepas word om die eindresultaat te lewer.✓✓

Bepaal belonings vir produksiefaktore✓
- Dit is die entrepreneur se verantwoordelikheid om die randwaarde van die verskillende produksiefaktore te bepaal.✓✓

Beplan die organisasie✓
- Die entrepreneur is verantwoordelik vir die beplanning van die verskillende bestuursaspekte, bv. finansies, bemarking, menslike hulpbronne en produksie.✓✓

Neem van risiko's✓
- Die bereidwilligheid om risiko's te neem, is een van die kenmerkende eienskappe van 'n entrepreneur.✓✓

Uitbreiding van die onderneming✓
- Die entrepreneur is verantwoordelik vir die uitbreiding en vooruitgang van die onderneming.✓✓ (5 × 3) (15)

2.4
- Skep 'n entrepreneuriese kultuur.
- Ondersteun entrepreneurskap.
- Maak seker dat die entrepreneur geskik vir die werk is.
- Beloon die entrepreneur. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Dit is gefokus op 'n tydsraamwerk van drie tot tien jaar en selfs langer.
- Dit is die kern van alle aspekte van die hele onderneming.
- Dit is toekomsgerig.
- Dit pas by die omgewing aan.
- Dit bied breë, algemene riglyne.
- Die hulpbronne en kundigheid is op die landbouonderneming gefokus. (Enige 5 × 1) (5)

3.1.2
- Dit maak die ondersoek en evaluering van die eksterne omgewing moontlik.
- Meer winsgewende geleenthede vir die plaas kan geïdentifiseer word.
- Dit verseker beter begrip en bewustheid van geleenthede en bedreigings in die eksterne omgewing.
- Enige hulpbronne op die plaas kan maklik toegepas word om in die eise van die omgewing te voorsien en swak punte in die bestuur te hanteer.
- Dit sal tot 'n meer winsgewende boerderyonderneming lei.
- Dit fokus op die boer se aksies en denke met betrekking tot die langtermynplan.
- Dit bied leiding aan boere in die bestuur van die daaglikse aktiwiteite op die plaas.
- Dit bied 'n raamwerk vir besluitneming. (Enige 4 × 1) (4)

3.1.3
- Identifiseer die hulpbron met die grootste beperking (bv. grond, kapitaal, arbeid of entrepreneurskap).
- Beplan hoe meer van hierdie skaars faktor(e) verkry kan word.
- Beplan die takke op só 'n manier dat slegs klein hoeveelhede daarvan benodig word. (3)

3.1.4
- Die omgewing verander deurlopend en die bestuur moet tred hou met veranderinge.
- Faktore in die omgewing wat 'n bedreiging vir die doelstellings en strategie van die boerderyonderneming kan inhou, moet geïdentifiseer word.
- Daar moet bepaal word watter faktore geleenthede bied vir die bereiking van doelwitte deur afwykings van die strategie.
- Daar is 'n groter kans op sukses wanneer die omgewing stelselmatig ontleed word. (4 × 2) (8)

3.2 3.2.1
- Keuse van gewasse
- Produksiestelsel gebruik
- Vlak van tegniese vaardigheid
- Omvang van produksie
- Insetkoste
- Uitset (Enige 5 × 1) (5)

3.2.2
- Verskeidenheid sade gebruik
- Soort en hoeveelheid kunsmis gebruik
- Plantdigtheid
- Plaagdoders en onkruiddoders
- Plant- en oesdatums
- Verbouingspraktyke (Enige 5 × 1) (5)

3.3 3.3.1
- Verhoogde mannekrag-doeltreffendheid
- Latere toevoegings tot die gebou kan moontlik doeltreffender wees
- 'n Nuwe en moontlik beter ligging of situasie vir die nuwe gebou
- Laer instandhoudingskoste
- Laer herstelkoste
- 'n Beter algemene voorkoms (5)

3.3.2
- Minder bestuurstyd beskikbaar vir die gewas- en dierproduksie
- Kleiner arbeidsmag beskikbaar vir boerdery-aktiwiteite
- Vakmanskap kan moontlik nie so goed nie of swakker wees
- Moontlike vertragings in die voltooiing van die gebou (5)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Binne 14 dae van die sterfte moet die naasbestaande 'n kennisgewing van sterfte/doodsertifikaat, identiteitsdokument en voorlopige inventaris van die oorledene se bates indien.
- Indien die bates van die oorledene aandag verg, sal die meester van die hooggeregshof 'n tussentydse kurator aanstel om na die bates om te sien.
- Die meester van die hooggeregshof stel 'n eksekuteur aan deur 'n eksekuteursbrief uit te reik.
- Die eksekuteur verskaf dan 'n inkomstestaat van die oorledene sedert die laaste belastingopgawe met tye van die afsterwe aan die SAID.
- Hy/Sy moet alle uitstaande rekeninge aan krediteure betaal, en ook alle uitstaande inkomste van die oorledene invorder.
- Die eksekuteur stel 'n likwidasie- en distribusierekening op, wat die netto waarde van alle bates asook die laste van die boedel uiteensit, en ook aantoon hoe die fondse verdeel sal word. Dit word dan aan die meester van die hooggeregshof gelewer vir ondersoek en goedkeuring.
- Die distribusierekening toon hoe die netto waarde van alle bates onder die begunstigdes verdeel sal word.
- Die eksekuteur berei terselfdertyd 'n opsomming vir boedelbelasting op die voorgeskrewe vorm voor en lewer dit aan die meester van die hooggeregshof.
- Hierna word die bates volgens die distribusierekening verdeel en na die erfgename en legatarisse oorgedra.
- Enige erfporsie aan 'n minderjarige sal in die Voogdyfonds geplaas word, soos deur die Boedelwet bepaal.
- Ná afhandeling van die boedel kan die eksekuteur 'n aansoek aan die meester van die hooggeregshof rig om van sy/haar pligte as eksekuteur onthef te word.
- Dit neem gewoonlik nie langer as ses maande om die bereddering van 'n eenvoudige boedel af te handel nie. (Enige 10 × 2) (20)

4.2
- Laat voldoende fondse aan die oorlewende gade/lewensmaat na.
- Maak voorsiening vir kontinuïteit van die boerderyonderneming.
- Verdeel die bates regverdig.
- Stel dit só op dat inkomstebelasting en boedelbelasting beperk word.
- Laat die testateur toe om beheer oor sy/haar bates vir sy leeftyd te behou.
- Die bereddering van die boedel moenie onnodige vertragings of hoë koste inhou nie.
- Dit moet eenvoudig en maklik verstaanbaar wees.
- Dit moet gereeld bygewerk word. (8)

4.3 4.3.1
- Om die minderjarige se erfporsie te bestuur
- Om bekwame mense toe te laat om die fondse van minderjariges wat nie die nodige kennis het nie, te bestuur
- Om kundiges op 'n formele manier by die bestuur van bates en beleggings van kontantfondse uit die boedel te betrek
- Om vir die voortsetting van die boerderyonderneming voorsiening te maak
- Om voorsiening te maak vir buigsaamheid in die finale verdeling van bates
- Om inkomstebelasting en boedelbelasting te bespaar

(Enige 5 × 1) (5)

4.3.2
- Die stigter van die trust
- Familielede
- Vriende
- Banke of trustmaatskappye
- Professionele mense, bv. prokureurs of ouditeurs (5)

4.3.3 Dit is 'n wetlike ooreenkoms wat behels dat 'n persoon (die trustoprigter) 'n wetlike bate-akte na 'n ander persoon of liggaam (die trustees) oordra om tot voordeel van een of meer persone (die begunstigdes) te bewaar, wat die trustoprigter kan insluit. (2)
[40]

VRAAG 5

5.1

KORTTERMYNVERSEKERING	**LANGTERMYNVERSEKERING**
• Kontrakte word jaarliks hernu • Die versekerde word volgens verlies of skade uitbetaal. • Belasting op hierdie polisse deur die SAID bepaal, stipuleer dat die opbrengs kapitaal van aard kan wees. • Die premies wat betaal word op die versekering van bates wat in die bedryf van die onderneming gebruik word, kan van belasting afgetrek word. • Inkomste uit versekering is kapitaal van aard.	• Die versekerde bedrag sal met die afsterwe van die versekerde, met permanente ongeskiktheid van die versekerde of aan die einde van die gespesifiseerde periode soos op daardie tyd gewaardeer, uitbetaal word. • Dit word verseker deur 'n stabiele en konstante vloei van premies op lang termyn uit polisse en fondse wat deur die belegging van kapitaal gegenereer is asook die klein kans dat die versekeraar 'n groot bedrag vir 'n eis moet uitbetaal.

(5 × 2) (10)

5.2 5.2.1
- Korttermynversekering
- Moontlike verliese
- In dieselfde posisie as voor die verlies geplaas
- Vergoed vir werklike verliese
- Verseker vir die volle waarde

5.2.2
- Langtermynversekering
- Definitiewe gebeurtenis
- Tyd van gebeurtenis
- Bied sekuriteit aan afhanklikes
- Maak voorsiening vir die toekoms

(2 × 5) (10)

5.3
- Hierdie polisse verskil van gewone polisse.
- Die premies is tot ’n maksimum bedrag belastingaftrekbaar.
- Die opbrengs wat op die polis gegenereer word, is weer belasbaar wanneer dit uitbetaal word, maar wel net gedeeltelik.
- Met ’n vroeë afsterwe van die versekerde word alle betalings wat tot die fonds bygedra is plus ’n persentasie saamgestelde rente asook ’n derde van die restant van belasting vrygestel.
- Die totale opbrengs is betaalbaar in die vorm van ’n enkelbedrag, plus ’n jaarlikse (of maandelikse) pensioenbedrag.
- Die enkelbedrag is tot ’n sekere bedrag van belasting vrygestel.
- Die saldo is betaalbaar in die vorm van ’n annuïteit, wat belasbaar is.
- Aftree-annuïteite kan met of sonder lewensdekking gekoop word.
- Aftree-annuïteite is gemik op privaat ondernemings, boere en professionele mense wat nie aan staatspensioenfondse behoort nie.
- Die opbrengs op aftree-annuïteite kan nie voor die ouderdom van 55 jaar geneem word nie. (Enige 5 × 2) (10)

5.4
- Dek die boer teen onvoorsiene verlies weens weerstoestande✓ soos droogtes, vloede, hael, ryp, sneeu, donderweer en weerlig
- Dek verlies weens plantsiektes en plae✓
- Dek verlies weens wilde diere, brandskade en aardbewings✓
- Dek die boer nie teen skade veroorsaak deur nalatigheid,✓ swak verbouingspraktyke✓ of gewasdiefstal nie✓
- Die premies van oesversekering word bepaal deur die risikovlak op grond van historiese verliese in die gebied✓ en die bedrag kapitaalbelegging per hektaar vir die spesifieke gewas✓
- Premies word gewoonlik per hektaar van die gewas✓ asook die potensiële waarde van die gewas bereken.✓ (Enige 5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou